Projek RampUp: Sondag vir persone met gestremdheid
“Sodat my huis vol kan word”

In die Bybelverse Lukas 14:16-23, berei ‘n man ‘n groot fees voor en stuur baie uitnodigings uit. Maar baie van die genooides het verskonings gehad en geweier om te kom. Die man besluit toe om die dorpsmense wat gewoonlik nie na ‘n fees toe genooi word nie, uit te nooi. Sy vrygewigheid was verstommend, hy wou sy huis vol hê! Mense met gestremdhede moes spesifiek ingesluit word voor die fees kon begin.

Op ***25 Augustus 2019***, word Suid-Afrikaanse kerke uitgenooi om ‘n ‘vol huis’ te vier deur spesiaal persone met gestremdhede te nooi om deel te wees van kerklike lewe. Idees vir hierdie fees kan die volgende insluit:

- Maak voorsiening vir persone met gestremdheid om ‘n leidende rol in die erediens te vervul, byvoorbeeld te preek, deel ‘n getuienis, of lees uit die Bybel in Braille.
- Reël ‘n ete waar gestremde en nie-gestremde persone wedersyds na mekaar kan uitreik in ‘n ontspanne opset om van hul lewenservaringe met mekaar te deel.
- Tydens die ete kan geleentheid vir kinders geskep word om saam met ander kinders met ‘n gestremdheid, ‘n speletjie te speel. Maak seker die interaksie is spontaan.
- Loop om die kerkgebou en al die fasiliteite en gee geleentheid vir diegene met ‘n gestremdheid om hul uitdagings om op die terrein oor die weg te kom, te deel.
- Skep ‘n geleentheid vir persone met gestremdhede om hulle talente vir die kerk aan te bied en vind saam maniere om dit werklik tot uitvoer te bring.
- Vind maniere om die getal persone met gestremdhede, wat aktief by kerksake betrokke is, te vergroot.
- Om hierdie pamflet af te laai, klik hier. Om meer agtergrond inligting te kry klik hier.
- 'n Afrikaanse preekskets is hier beskikbaar en 'n Engelse een is hier beskikbaar.

Projek RampUp kontakbesonderhede:
Vir die insluiting van persone met gestremdheid in kerke, besoek www.rampup.co.za, kontak vir Erna Möller by erna@tlm.co.za, of skakel 012 345 4915 / 082 731 9857